# Jan H Maraisprys – Voorstelle vir 2021 word ingewag!

## DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

## JAN H MARAISPRYS

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vra nominasies vir die Jan H. Maraisprys 2021**

**Doel:** Om erkenning te gee vir 'n uitstaande lewenslange bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op 'n hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans.

**Ontvangers:** Die prys is in beginsel vir natuurlike persone bedoel, maar die keurkomitee mag ook besluit om dit aan 'n instelling of vereniging wat besonder verdienstelik is om Afrikaans as wetenskapstaal te bevorder, toe te ken.

**Prysgeld:** Dit is R500 000 en tans 'n beeldjie, *Helpende Hand*, deur Coert Steynberg. Die prysgeld mag tussen meerdere pryswenners, soos deur die keurkomitee bepaal, verdeel word.

**Oorhandiging:** 27 Mei 2021 te Stellenbosch.

**Nietoekenning:** Dit staan die keurkomitee vry om in 'n bepaalde jaar geen toekenning te maak nie.

**Nominasieformaat:**

- Die voorsteller moet duidelik motiveer waarom 'n bepaalde kandidaat/instansie genomineer word.
- 'n Nominasie moet deur 'n voorsteller en twee sekondante onderteken word.
- Die grootste mate van vertroulikheid moet gehandhaaf word.
- Die volle name van die kandidaat, voorsteller en sekondante, asook landlyn- en selfoonnommers, adresse en e-posadresse moet verskaf word.
- 'n Voorstel moet gesteun word deur die jongste curriculum vitae asook publikasielys van die kandidaat – indien van toepassing.
- By die toekenning van die prys is die keurkomitee se besluit finaal. In die geval van 'n nominasie wat nie suksesvol was nie, sal geen korrespondensie of gesprekke na die toekenning gevoer word nie – nie met voorstellers nie en ook nie met kandidate nie.

**Nominasies sluit op Vrydag 31 Januarie 2021**
**Bekendmaking van die prys: Einde Maart 2021**

**Rig nominasies per e-pos aan:**

Die Hoof- Uitvoerende Beampte
akademie@akademie.co.za

**Navrae: Hoof- Uitvoerende Beampte, prof Anne-Marie Beukes**
Sel: 083 675 8053